# Ruach Bediening Nuusbrief

**Junie 2024**

**Sarel en Gerda Reinecke**

In hierdie Nuusbrief


1. Gedagte vir die maand ........ 1
2. Gebedsterapie sessies in Junie 2024 ........ 2
3. Getuienisse ........ 2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ........ 2
   a. Goeie more, dis 1 uur in die nag ........ 2
   b. Die verlede en die toekoms ........ 3
   c. Loutering van silwer ........ 4
   d. Die Here se Komma Kind ........ 4
   e. Dalk is dit die rede hoekom God nie ons gebede beantwoord nie ........ 5
5. So terloops .... ........ 7
   a. Groente en vrugte padstal ........ 7
   b. Diensplig ........ 7
   c. Die pastoor sê ........ 8
   d. 'n Seuntjie ........ 8
   e. Oud word is nie maklik nie ........ 8
6. Beplanning vir volgende maande ........ 8
7. Woord in Aksie kampe – Pretoria ........ 9
8. Bybelskool ........ 10
9. Afsluitings Gebed ........ 10




## 1. Gedagte vir die maand

**Mat 7:7-8** [7]Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. [8]Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.

**Luk 17:5-6** [5]Toe het die apostels aan die Here gesê: Gee ons meer geloof. [6]En die Here sê: As julle geloof gehad het soos 'n mosterdsaad, sou julle vir hierdie moerbeiboom sê: Word ontwortel en in die see geplant—en hy sou julle gehoorsaam wees.

**Joh 14:13-14** [13]En wat julle ook al in My Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. [14]As julle iets in My Naam vra, sal Ek dit doen

## 2. Gebedsterapie sessies in Junie 2024

| | |
|---|---|
| 63 | Gebedsterapie sessies in Centurion |
| 6 | Gebedsterapie sessies per Telefoon |
| 41 | Gebedsterapie sessies per Video Call |
| 0 | Gebedsterapie sessies in Delmas |
| 19 | Gebedsterapie sessies in Middelburg |
| 11 | Gebedsterapie sessies in Nylstroom |
| 140 | Totale gebedsterapie sessies vir die maand |

## 3. Getuienisse




Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

(Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)


**<u>Getuienis 1</u>**: Jesus Christ is faithful all the time. Dr said brain cancer shinked in God we always trust and have faith

**<u>Getuienis 2</u>:** Oom Sarel weer eens baie dankie, ek voel regtig baie better oor die algemeen. Ek het vanoggend 'n dag stukkie gelees en 'n bietjie Bybel gelees asook gebid. Ek het agter gekom ek bid so deur die loop van die dag ook. Dit is iets wat ek nie eintlik gedoen het nie, maar ja, baie dankie Oom.

**<u>Getuienis 3</u>:**

My Pa het die boek geskryf. Ek het die oorspronklike kopie gehad en hom vir iemand geleen. Ek kan nie onthou vir wie ek hom geleen het nie. Die foto van die boek is op google. Ek het dit gecopy en op my facebook blad geplaas. Binne 'n uur het 'n boekwinkel in Germiston my laat weet, hulle het die boek op die rak vir R10. Ons het dadelik gery en hom gaan kry.

Waarom vertel ek julle die getuienis? Dit is na aanleiding van "my gedagte vir die maand",
"hy wat soek, vind;-Matt 7:8."




***1959 - Koreaanse vegvlieeniers drama***

## 4. Sommer net 'n paar gedagtes

### a. Goeie more, dis I uur in die nag



Ek het so pas kom lê. Terwyl ek so lê voor ek bid , dink ek aan die baie mense wat vrees oor die lewe en wat die dag van môre gaan inhou. Mense wat hulpeloos voel, moedverlore, hulle wat raadop is en wat voel hul hande is afgekap.

My raad as 'n persoon wat ook jare daardeur gekom het, 'n persoon wat die dinge ervaar het is.
* Bid sonder ophou. Psalm 56: leer ons;"
Vers 4 Die dag as ek vrees, sal ék op U vertrou.
Vers 5 Deur God sal ek sy woord prys; ek vertrou op God, ek vrees nie; wat kan vlees my doen?

Verder moet jy leer om volkome in geloof op God te vertrou en aanhou vertrou, ongeag hoe lank God vat om uitkoms te bring.
Leer om een dag op 'n slag te lewe , binne God se genade , gelei deur Sy Gees.
Psalm 68:20 leer ons:"Geloofd sy die Here! Dag ná dag dra Hy ons; God is ons heil! Sela.
Vers 21 God is vir ons 'n God van verlossinge, en die Here Here het uitkomste teen die dood.



Jesus het ons die beste raad gegee:
Mat 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.

Gebed wanneer vrees jou beetpak:"Gebed vir emosies Here, ek hoor in Psalm 23:4 hierdie wonderlike belofte: “Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my.”

Daarom bid ek vir ons emosies. Ek bid vir elke vrees, bekommernis, depressiewe gevoel, angstigheid of selfdoodgedagte. Here, U is die Een wat vry maak en ons uit die donker put van ons emosies trek om op ’n stewige plek te staan.


Help ons om nie die slaaf van ons emosies te wees nie, maar om te bly vertrou dat U ons van elke negatiewe gedagte sal verlos. En dat U ’n nuwe lied in ons mond sal sit.
Verander ons omstandighede . Versterk ons en neem vrese weg . Lei ons deur U Gees

Amen

## b. Die verlede en die toekoms



## c. Loutering van silwer



Lank terug was daar 'n groep mense wat die boek Maleagi bestudeer het. Toe hulle by hoofstuk 3 kom, sien hulle 'n vers wat sê: "Hy sit as 'n louteraar en reiniger van silwer." Dit het hulle erg verwar en dit het hulle laat wonder wat hierdie stelling oor die karakter en natuur van God beteken. Een van hulle het besluit om meer te gaan leer oor die proses van silwer loutering sodat hulle dit kon verstaan en dit verder bespreek by hulle volgende samekoms.

Daardie week het het hy 'n silwersmid gebel en 'n afspraak gemaak om by hom te gaan kuier en te sien hoe dit gedoen word, maar hy het niks gese wat sy rede daarvoor was nie, behalwe dat hy baie nuuskierig was om meer te leer oor die louterings proses.

Terwyl hy in die werkswinkel sit en die silwersmid dophou, het hy 'n stuk silwer oor die vuur gehou en dit laat warm word. Terwyl hy besig was het hy verduidelik dat om silwer te louter, mens die silwer in die middel van die vuur moes hou waar die vlamme die warmste is om al die onsuiwerhede weg te brand.

Terwyl die silversmid praat, het hy weer teruggedink aan die vers, dat God 'n louteraar van silver is en dat Hy eendag gaan terugkom vir n suiwer skoon bruid. Hy het die man gevra of dit waar is dat hy daar moet wees en daar daar moes sit voor die vuur - die hele tyd, terwyl die silwer gelouter word.

Sy antwoord was "Ja," en hy het verduidelik dat hy nie net daar moes wees en die silwer vashou nie, maar hy moes sy oë die hele tyd op die silwer hou terwyl dit in die vuur is. As die silwer selfs vir 'n oomblik te lank in die vlamme gelaat word, sou dit beskadig word. Die man was vir n oomblik stil… Na n rukkie toe vra hy die silwersmid, "Hoe weet jy wanneer die silwer se louteringsproses klaar is?

Hy het net geglimlag en geantwoord, "O, dit is maklik. Wanneer ek myself daarin kan sien." As jy vandag die hitte van hierdie wêreld se vuur voel, onthou net dat God sy oë op jou het, Hy hou jou vas, in die warmste en moeilikste uitdagings in jou lewe, Hy sal seker maak dat jy nie vernietig word nie en jy kan weet God Homself in jou gaan sien en jy jouself in Hom!

Hy is vir jou!

## d. Die Here se Komma Kind



Soms, Here … soms stamp die lewe mens se regop-loop onderstebo. Sommer so sonder dat jy vra. Soms is dit 'n skewe kyk of 'n skewe woord, of 'n kind se dwars-wees, of die lewe se eise wat net te veel is en die tyd wat net nooit by alles kan uitkom nie. Of siekte. Of dood. En dan gaan lê mens mos soos 'n komma voor U voete … krom gebuig, arms voor die bors, en bene tot teen jou hart toegevou.

Ek is U Komma-Kind, Here. Soms huppel en dans ek deur die lewe. Soms lag ek uit my maag en vat die lewe spontaan tussen my vingers vas. Ander kere loop ek so koes-koes vir mense en hulle woorde. En ander kere, Here, krul ek sommer net in 'n komma-bondel op by U voete.

Dankie dat U nooit U Komma-kinders uit die pad uit stoot nie. Of draaie om hulle loop nie. Nee, Here. Wanneer U 'n komma-kind huiwerig aan U kleed voel raak, stop U dadelik, en buk met soveel deernis en liefde en sagtheid by U bondeltjie-mens. En as die Komma se bid opgeraak en weggeraak het, gaan soek U in die Komma-Kind se oë en hart na dit wat gesê moet word. En dan luister U met U hart, né Here?

Komma-kinders kry maklik seer, Here. Maar niemand weet daarvan nie. Hulle huil binnekant toe, daar waar niemand kan kyk of seermaak nie. Hulle lag en leef elke dag asof dit hulle laaste dag is. En vanaand, wanneer die son sy kop gaan bêre, gaan lê hulle in 'n komma voor U voete. En as hulle veilig genoeg voel, dop hulle hul binnekant voor U uit.

'n Komma-kind se binnekant is veilig wanneer U u hande sag daarom vou. Komma-Kinders sukkel om te vertrou, Here. Hulle vou nie verniet soos 'n komma op nie, dis om hulle binnekant te beskerm. Maar U weet dit, né Here. Daarom steek U u arms stil na die Komma-wesentjie uit, en tel haar versigtig tot styf teen U hart. Daar waar sy U opregte veilige liefde kan voel. Daar waar dit nie nodig is om in 'n komma te vou nie. Daar waar sy diep asem kan haal en U stem hoor wat sag vir haar sê: "Kom maar na My toe … Ek wil so graag vir jou rus gee."

Dankie dat U nooit 'n streep deur 'n Komma-Kind se lewe trek nie, Here. Dankie dat U u Komma-Kinders se harte ken en verstaan … want kommas sukkel partykeer om te praat. En wanneer die Komma leer dat U liefde is en weet dat U arms veilig is en dat U stem sag is, begin sy stadig haar kop oplig en kyk die wêreld reguit-versigtig in die oë.

Want die God van Komma-kinders, is ook haar God. En Hy is lief vir haar. En dis vir haar genoeg. Né Here?

Al my liefde.
*U Komma-Kind. (Katrienkie@2024)*

## e. Dalk is dit die rede hoekom God nie ons gebede beantwoord nie



Die son staan vir 'n oomblik stil en kyk vir Tant Hester waar sy besig is om hulle enigste bok te melk. Dan sak die son vinnig weg sonder om weer om te kyk. Oom Servaas kom aangestap met 'n arm vol hout en gaan plak dit op die koolstoof neer. Die ou bokooi het nie veel melk nie, en Tant Hester sit die halwe koppie melk op die tafel.

Dis Ou Kersaand. Terwyl Oom Servaas die vuur maak brand, krap Tant Hester al wat 'n bestanddeel is, uit die kas. Daar is 'n driekwart koppie koekmeel. Die halwe brood skuif sy op sy, want vanaand sal hulle twee vir oulaas lekker eet. Oom Servaas is tog so lief vir gebakte bruin poeding. Met die bietjie meel en melk kan sy darem amper 'n halwe resep aanmaak. Die botter meet sy versigtig af want dis die laaste bietjie. Sy moet oorhou vir more se brood. Sy skep bietjie appelkoos konfyt uit en dan begin sy die mengsel aanmaak.

Die vuur begin knetter in die koolstoof as sy die poeding opsit. Dit moet omtrent 'n uur prut.

Sy skil nie die laaste drie klein aartappeltjies af nie, want dan is daar niks van oor nie. Sy sit die misbredie, wat so welig in die kraal groei na die goeie reën, saam met die aartappels op. Die stukkie fisant wat nog oor is rond hulle koningsmaal af.

Tant Hester doen alles met sorg en liefde, want hulle weet dat dit hulle laaste maaltyd vir 'n baie lang tyd sal wees. Oom Servaas gaan bad en trek hom skoon aan vir die spesiale maal. Tant Hester maak die kombuis skoon en loer vir oulaas na die karige, maar geurige maaltyd voordat sy ook loop klaarmaak.

Oom Servaas stap op en af in die ou huisie, opgewonde dat hulle twee na 52 jaar se huwelik nog 'n Kersfees saam sal deurbring. Verbeel hy hom of was daar 'n klop aan die deur. Hierdie deel van die Bosveld het mos omtrent ontvolk. Al die boere is eintlik sakemanne van die stad. Na die tragiese ongeluk van hulle enigste dogter het hulle die plaas verkoop en lewensreg op die ou

opstal behou. Hier kom g'n mens ooit by hulle nie. Daar is dit weer. Weliswaar 'n klop aan die deur.
Oom sevaas stap deur se kant toe en Tant Hester sluit vinnig by hom aan. Voor hulle staan 'n middeljarige man, duidelik afgemat en moeg.

Hy stel homself voor as Josef Hayes. Hy is nou al vir ses dae op reis vanaf Suid-Wes Afrika na Pretoria, waar sy ouers woon. Dis baie moeilik deesdae om rygeleenthede te kry en hy het vandag sowat 40 km ver gestap. Hy vra baie mooi vir 'n rusplekkie vir die nag. Oom Servaas nooi die man in. Die geur van kos hang in die huis. Josef het lanklaas geëet en snuif behaaglik in die lug. Daar is kwalik genoeg kos vir een mens, wat nog van drie.

Oom Servaas knik sy kop en Tant Hester verstaan. Sy bied vir Josef kos aan en hy aanvaar dadelik die aanbod. Sy sit die kos op die tafel en dek een bord.

Josef val weg asof hy nog nooit geëet het nie, en kort voor lank lek hy letterlik die potte uit. Tant Hester bied koffie aan. Gelukkig drink Josef swart sterk koffie sonder suiker. Sy slaak 'n sug van verligting, want hulle het nie melk of suiker nie.

Na koffie sit hulle nog 'n rukkie en gesels, maar Josef is duidelik moeg. Tant Hester wys vir hom die badkamer, en terwyl Josef bad, kry sy vir hom 'n bed gereed. Dis baie jare laas dat iemand in die spaarkamer geslaap het.



Daarna gaan haal sy die halwe brood uit en sit die laaste bietjie botter op. Sy deel met Oom Servaas. In tasbare stilte eet hulle hul laaste maaltyd. Daarna wag hulle dat Josef kamer toe gaan.

Oom servaas neem sy kers en Tant Hester volg hom. Hy plaas die kers in die vensterbank van die slaapkamer, dan neem hy Tant Hester se hande in syne. Hulle kyk by die venster uit en dan sluit hulle hul oë.

Oom Servaas bid uit sy hart. Eers dra hy die vreemdeling op aan die Here en vra dat hy spoedig en veilig met sy familie herenig sal word. Dan hou hy Tant Hester stywer vas as hy die Liewe Vader vra dat sy Engele tog nie in die nag by hulle huis sal verby gaan nie. Hulle sal die laaste kers brandend in die venster hou dat God nie sy bruid sal verpas nie. Dat die Hemelse Vader hulle albei in hierdie nag sal kom haal, en voed uit die Goddelike tuin, en hulle laat drink uit Sy fontein. Hulle het sekerlik nou aan die einde van die pad gekom, want daar is nou niks meer oor vir hulle nie.

Oom Servaas bid met emosie en sy lippe begin bewe as hy pleit dat hulle gereed is vir die reis na die ewigheid.

Langsaan, in die spaarkamer lê Josef en luister na die opregte emosie belaaide gebed. Hy besef, met groot skuldgevoel en hartseer, dat hulle onbaatsugtig hul laaste maaltyd vir hom wat Josef is, afgestaan het. Josef slaap die nag nie goed nie. Vroeg oggend staan Josef op. Hy is bang om deur die huis te stap, bang om aan hul deur te klop. Bang dat die Here gehoor gegee het aan Oom Servaas se pleidooi. Daarom sluip hy stilweg uit en kry koers.



Hy is gelukkig om vinnig 'n geleentheid te kry na die volgende dorp, waar hy 'n muntbus gaan soek en sy ouers skakel. Hy huil en praat deurmekaar as hy hulle vertel van sy ervaring van die vorige nag.

Oom Servaas staan op en kyk die man agterna soos hy wegstap. Hy draai om en wens Tant Hester 'n geseënde Kersfees toe. Hulle sit op die stoep en drink hulle swart bitter koffie. Vandag sal hulle daarop moet staat maak, want hulle laaste maal was gisteraand.

Oom Servaas begin rondstap op soek na veldkosse. Tant Hester gaan haal oes misbredie in die kraal. Sy betrek die bokooi en karring nog 'n halwe koppie melk uit die uier. Oom Servaas kom heelwat later terug met 'n handjie vol suurpruime, en moretla bessies. Hulle eet saam aan die gawe van die natuur. Die res van die dag is mistroostig en teen laatmiddag neem Oom Servaas die Bybel op en gaan wag vir Tant Hester op die stoep. Vanaand sal hulle honger gaan slaap.

Tant Hester vee haar hande droog aan haar rok en kom sit langs Oom Servaas. In die groot pad hoor hulle 'n voertuig wat spoed verminder, en later stilhou. Na 'n ruk kom daar nog een aan, en later nog een. Na sowat vyftien minute kom drie voertuie in hulle pad opgery. Hulle stop voor die huis.

Oom Servaas stap hulle tegemoet. Josef klim uit en vat Oom servaas se hande in syne vas, dan begin hy trane in sy oë kry. Josef draai om en stel sy Pa aan Oom Servaas voor. Dr. Hayes tree nader en stel sy hele gevolg voor. Al drie mans uit dieselfde praktyk. Hulle bring kos voorrade en onderneem om voortaan elke maand hierdie twee ou mense te kom versorg, vir die onbaatsugtige diens aan hulle naaste wat hulle die vorige aand gebied het.

Oom Servaas draai na Tant Hester en sê: "Dit is hoekom God nie ons gebed verhoor het nie, want Hy het nog 'n stukkie pad vir ons oor. Sy genade is groot en dis al wat ons nodig het."

Nog n stukkie pad oor...en baie Genade.
*(Skrywer onbekend)*

## 5. So terloops ....

### a. Groente en vrugte padstal

Op 'n muur by 'n groente en vrugte padstal staan dié versie:
Pampoen moenie Komkommer nie en sing n Litchi vir ons Heer! Jy is Sy Uie kind, Sy oog-Appel! Laat jou Kersie vir Hom brand, want so by my Kool, onse Liewe Heer sal jou op Raap en jou bewaar al is jou naam Pieter of Sielie! Hy sal nooit Rissie, in Sy arms het Hy jou Beet, met Sy liefde be -Aarbeie Hy jou! Al is jy soms/ harde Koejawel, sal Hy jou nie uit Sy hart Skorsie.Daar is jy vir ewig in-Gewortel!!

### b. Diensplig



Eendag merk die dominee ' n klein seuntjie in die voorportaal van die kerk op wat aandagtig na 'n groot gedenkplaat teen die muur staan en kyk. Dit was oortrek met name en daar was klein landsvlaggies weerskante.
Toe loop die dominee nader, kom staan langs die seuntjie, en sê saggies: “Goeiemore my Seun.“ “More, Dominee” sê hy, met sy oë nog vasgenael op die plaat. “Dominee, wat is dit hierdie?” vra hy.
Die dominee antwoord: “Wel, my seun, dit is ' n gedenkplaat vir al die jongmanne wat in die diens gesterf het. “In doodse stilte en met groot eerbied staan die twee voor die plaat en staar na die name. Uiteindelik, in 'n skaars hoorbare stemmetjie en bewend van vrees vra die seuntjie:
“Watter diens Dominee? Die oggend- of die aanddiens.“

c. *Die pastoor sê*

DIE pastoor sê:
"Enige een wat gebed nodig het, kom na vore."
Sipho gaan staan da voor in die kerk.
Met sy beurt aanbreek, vra die pastoor :
"Sipho, waarvoor kan ek vi jou bid?"
Sipho antwoord :
"Pastor, moet asb vi my hearing bid."
Die prediker sit een vinger in Sipho se oor, sit die ander hand op Sipho se kop en bid en bid dat die spoeg spat.
Ná 'n hele paar minute haal die pastoor sy vinger uit Sipho se oor, staan terug en vra :
"Sipho, hoe is jou hearing nou?"
Sipho antwoord :
"Ek weet nie, Pastor, my hearing is eers volgende Woensdag."

d. *'n Seuntjie*

'n Seuntjie kom die huis binne terwyl hy droewig huil en sy agterstewe vryf.
"Wat's fout boetie?", vra sy ma besorgd.
"Pappa het sy duim met die hamer raakgeslaan", verduidelik die seuntjie al snikkend.
"Dis nie iets om oor te huil nie.", probeer ma troos. "Jy moet daaroor lag."
Met 'n bewende stemmetjie antwoord die knaap: "Ek het!"

e. *Oud word is nie maklik nie*

**Oud word is nie maklik nie !
Ek was gisteraand al 20 minute in die bed, toe hoor ek die Debonairs outjie hoes in die sitkamer !
Daar onthou ek toe, ek het eintlik kamer toe gekom om my beursie te kom haal...**

**6.** *Beplanning vir volgende maande*

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | DELMAS |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** |
| **2024** | **2024** | **2024** |
| 12, 13 Julie | 25, 26 Julie | 8 & 22 Julie |
| 2, 3 Augustus | 15, 16 Augustus | 5 & 12 Augustus |
| 6, 7 September | 12, 13 September | 2 & 9 September |
| 4, 5 Oktober | 24, 25 Oktober | 7 & 21 Oktober |
| 8, 9 November | 14, 15 November | 4 & 11 November |
| 6, 7 Desember | Geen | 2 & 9 Desember |

## 7. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881






**8.** Bybelskool




**9.** Afsluitings Gebed

Here God, vergewe my vir elke keer wat ek dinge op my eie probeer doen het en so al my goeie dade, woorde en besluite vermors het. Dankie Here, dat ek nou kan vra vir wysheid, soos in Jakobus 1:5. Vader, laat U wil vir my lewe geskied en laat alles in my lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel net so ook op die aarde, want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid. In Naam van Jesus my Verlosser. Amen

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee

Geloof is nie sien en dan glo nie, geloof is glo eers en dan sal jy sien.

FAITH: Forward All Issues To God